Graad 4

AFRIKAANS HUISTAAL

Mondelinge Opdrag

TAAK 6: EKSAMEN – KWARTAAL 2 - 2020

**Laerskool Mikro**

Totaal: 20

Naam: ______________________________________ Datum: __________________

# MONDELING




Hierdie advertensie vergelyk ‘n motor se bande met ‘n seekat. ‘n Seekat se tentakels kan baie goed suig. Net so klou die bande aan die pad sodat jou voertuig nie gly nie.

Ons kom daagliks met advertensies in aanraking. Daar is drie soorte advertensies, naamlik **gedrukte advertensies** (in boeke, tydskrifte, koerante en strooipos**), advertensieborde** en **verfilmde advertensies** (soos op TV).

Jy moet ‘n mondeling voorberei in die vorm van ‘n **verfilmde advertensie**. Dit wil sê jy gaan voor die klas kom staan en jou produk adverteer soos op die televisie.

Ons praat hierdie kwartaal oor diere en jy moet ‘n dier kies wat jy in jou advertensie gaan gebruik. Kyk na die voorbeeld bo-aan die bladsy.

**<u>Jy kan die volgende adverteer:</u>**

- Jou eie produk (bv. Colgate tandepasta)
- Enige diens (bv. ABSA bank)
- Enige geleentheid (bv. sport- of musiekgeleentheid)

**Hou die volgende in gedagte voordat jy begin:**

- Wat is jou produk se naam? (Onthou, dit moet 'n Afrikaanse naam wees.)
- Wat gaan jou slagspreuk wees?
- Met watter dier gaan jy jou advertensie vergelyk?
- Is jou advertensie komies of ernstig?
- Hoe kan jy seker maak die produk gaan verkoop?
- Pas jou plakkaat by jou advertensie?

# Ons sien uit daarna om na jou te luister!




## Mondeling Rubriek

| Kriteria | 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Uitspraak en Volume** | Mompel en struikel oor woorde, praat te sag. | Sukkel om heelwat woorde uit te spreek. | Redelike duidelike uitspraak. | Duidelike, hoorbare uitspraak; het 'n invloed op die gehoor. |
| **Voorbereiding** | Leerder is totaal onvoorbereid en onseker van wat om te sê. | Leerder is voorbereid, maar is baie onseker. | Leerder is redelik voorbereid en haak so een tot twee keer. | Leerder is baie goed voorbereid en praat met selfvertroue voor die gehoor. |
| **Inhoud** | Geen begrip oor die onderwerp nie en mondeling toon geen struktuur. | Toon begrip oor 'n gedeelte van die onderwerp. Mondeling is nie regtig prikkelend nie. | Toon goeie begrip oor meeste van die onderwerp. Mondeling word redelik treffend oorgedra. | Leerder toon goeie kennis oor die onderwerp. Mondeling is treffend en effektief. |
| **Taalgebruik** | Swak taalgebruik, baie taalfoute | Taalfoute kom voor. Poging tot oordrag van inligting. | Min taalfoute. Poging tot kreatiwiteit. | Goeie taalgebruik sonder enige foute. |
| **Oogkontak** | Daar vind geen oogkontak met die gehoor plaas nie. | Die leerder kyk een keer op terwyl hy/sy praat en lees van sy notas af. | Die leerder maak goeie oogkontak en kyk net soms op sy notas. | Die leerder boei die gehoor deur net op die regte plekke af te kyk. |

**TOTAAL: 20**